**AFDELING D: LETTERKUNDE**

Beantwoord NET die vraag oor die stories/drama wat jy behandel het, dit wil sê VRAAG 6 OF VRAAG 7.

**VRAAG 6: *BLADSAK* – Lucas Malan**

**VERHAAL A: "OUPA JOB KOM TERUG" (20) EN**

**VERHAAL B: "DIE STEM VAN 'N KIND" (20)**

**OF**

**VRAAG 7: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit**

**VRAAG 6: *BLADSAK* – Lucas Malan**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

**VERHAAL A: "OUPA JOB KOM TERUG" – Cecilia Kruger**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS H**

"Museums is iets wat 300 vC in Egipte begin het," het sy gesê. "Hierdie museums het deur die eeue in die Westerse wêreld ontwikkel."

***

… Die Westerlinge het daarom nog altyd baie waarde geheg aan voorwerpe en hulle betekenis.

***

Hy het aandagtig na Simon geluister en toe opgestaan. "Kom saam met my. Ek wil jou iets wys." Saam is hulle die huis in. Bo uit sy kas het sy pa 'n trommeltjie gehaal en dit op die bed oopgemaak.

6.1 Noem EEN rede waarom Westerlinge voorwerpe met waarde in museums bewaar het. (1)

6.2 Hoekom het die volke van Afrika nie voorwerpe van hul kulture bewaar nie? (1)

6.3 Die medaljes in die trommeltjie was vir Simon 'n groot verrassing.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.4 Noem TWEE dinge wat Oupa Job in Egipte se museums geleer het. (2)

6.5 Hoekom, dink jy, het Simon se pa nooit voorheen vir hom van die medaljes vertel nie? (1)

6.6 Sou jy ook, soos Simon se pa, die medaljes weggebêre het? Motiveer jou antwoord. (1)

6.7 Waarom kan ons sê dat Simon verantwoordelik opgetree het deur die medaljes en koerantknipsels in sy baadjiesak te hou? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS I**

> Die grootste verrassing is die uitstalling van die "Native Military Corps". Dadelik pluk hy sy oupa se koerantuitknipsel uit sy sak en wys dit vir die gids.
>
> Hierdie keer is dit die gids wat nie sy oë kan glo nie. "Is jou oupa se naam Job Masego?" vra hy. "Ja," antwoord Simon ietwat huiwerig.
>
> ***
>
> "Hy en sy makkers het van die skip afgespring voordat dit ontplof het ..."
>
> ***
>
> Simon kan sy ore nie glo nie. "Wil julle dan oupa Job se medaljes vir julle museum hê?" vra hy.
>
> "Baie graag …"

6.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.8) en die letter (A–D) neer.

Die gids **kon nie sy oë glo nie**, beteken dat die gids nie …

A mooi kon sien nie.
B kon glo wat hy sien nie.
C sonder 'n bril kon sien nie.
D goed in die museum kon sien nie. (1)

6.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.9) en die letter (A–D) neer.

Die gevolg van Oupa Job wat die Duitse skip opgeblaas het, was dat hy …

A 'n gevangene geword het.
B 'n misdadiger geword het.
C sy lewe verloor het.
D 'n held geword het. (1)

6.10 Voltooi die volgende sin deur 'n woord/woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.10) en die ontbrekende woord/woorde neer.

| foto's; | 'n storie; | 'n trommeltjie |
|---|---|---|

Simon se oupa het vir sy familie … gegee waarop hulle trots kan wees. (1)

6.11 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Simon het die medaljes in sy baadjiesak gebêre.
- Die museum het Oupa Job se medaljes uitgestal.
- Simon se pa het die medaljes in 'n trommeltjie bewaar.
- Simon se pa het gedink die medaljes sou veiliger in 'n museum wees. (4)

6.12 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.12.1–6.12.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.12.1 | Job Masego | A | … het belowe om uit te vind wat hulle met die medaljes kon doen. |
| 6.12.2 | Juffrou Selati | B | … het in die Tweede Wêreldoorlog geveg. |
| 6.12.3 | Die kurator | C | … het die kinders vertel hoe belangrik museums was. |
| 6.12.4 | Simon | D | … het gevoel dat die medaljes veilig in 'n museum sou wees. |
| | | E | … was bly oor die skenking aan die museum. |

(4 x 1) (4)

6.13 Hoekom pas die titel so goed by die verhaal? (1)

**EN**

**VERHAAL B: "DIE STEM VAN 'N KIND" – Pieter Pieterse**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS J**

"Mamaropeni …" sing die stem waarvoor daar gewag word die naam van die mens vir wie daar 'n boodskap … is. Dit is 'n stem wat ver dra, óór die grense van vier lande. Óór die groot waters en óór die groot vleie waar donker hompe olifante in die moerasgras wei.

***

Vir hoe lank sal dit nog so kan wees? wonder die seun wat in die groot oopte op die wal van die rivier staan waar daar nie takke en biesies of riete is wat sy stem kan keer nie.

6.14 By watter dorp kom die vier lande bymekaar? (1)

6.15 Die stem van die boodskapper het die gemeenskap laat stil word.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.16 Hoekom, dink jy, was Molaeledi bang om groot te word? (1)

6.17 Watter TWEE familielede het moontlik vir Mamaropeni 'n boodskap gestuur? (2)

6.18 Hoe het die mense geweet dat daar nie nog 'n boodskap gaan wees nie? (1)

6.19 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter(s) in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.19.1–6.19.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.19.1 | Morobula | A | … was toe te groot om speletjies te speel. |
| 6.19.2 | Molaeledi | B | … het daarvan gehou om te terg. |
| 6.19.3 | Die mense van Kubu | C | … het by die grense van die vier lande gewag. |
| 6.19.4 | Die kinders | D | … het elke dag vir die boodskap gewag. |
| | | E | … was gereed vir wanneer die groot water sou kom. |

(4 x 1) (4)

6.20 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.20) en die ontbrekende woord neer.

| |
|---|
| hartseer; bekommerd; ongelukkig |

Mamaropeni was … oor die boodskap wat sy die volgende dag moes gaan haal. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS K**

… In die begin het baie mense kom kyk hoe hy die planke van die reuse jakkalsbessiebome saag en inmekaarpas en weer saag en pas.

***

Tog, elke jaar as die rivier begin afkom en Morobula sy boot met swaar toue en katrolle aan die bome en die ankerpenne vastrek om te keer dat die water dit saamvat, het hy gesê: "Volgende jaar, as die groot water kom, ..."

***

Hy hoor die kinders tussen die papajabome deurkom, en deur die lande waar die mielies en die pampoene en die boontjies geplant is, al met die rivier af op pad na Morobula.

***

In sy kop is daar 'n hoë suisgeluid, soos die geskreeu van baie sonbesies.

